

Lig vir

weersk - weerskante

3e ry (alle groottes): r1, 0(4;0;4;0) ste grif.

die Lente

* r1adl, aw1, gon, r2, gv, grtgso, r1, gv, grtgso, gr2tgso, r2tes, gv, r1, r2tes, gv, r2, grn, aw1 *; herh van * tot *, eindig met 1(5;1;5;-1) st(e) grif, r1.

Brei pat soos nou vasgestel, lees RK-rye op diagram met ekstra ste aan weersk in gedraaide rif vir 2e en 4e groottes; aan VK-ry moet alle ste gebrei word soos hulle voorkom, en brei aw1 oor gvt, grn of gon. Brei voort tot die 34e ry voltooi is, brei dan kant riffel-pat.

35e ry: r1, brei 4(8;4;8;4) ste grif, *r5, gv, gr2tgso, gv, r5, 7 ste grif*; herh van * tot *, eindig met r5, gv, gr2tgso, gv, r5, en 4(8;4;8;4) ste grif, r1.

36e ry: r1, 4(8;4;8;4) ste grif, * aw13, 7 ste grif *; herh van * tot *, eindig met aw13, en 4(8;4;8;4) ste grif, r1.

Hierdie 2 rye vorm die kant-riffelpat; brei sonder vorming tot werk 24(25;26;27;28) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Mousgatvorming:

Heg 4(5;6;7;8) ste af aan beg van vlg 2 rye, brei voort op oorbl 135(141;151;157;167) ste tot werk 46(48;50;52;54) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Skouer- en halsvorming

1e ry: Heg 12(13;14;15;16) ste af, brei tot 32(34;37;39;42) ste op N is, heg vlg 47(47;49;49;51) ste af, brei tot einde.

Linkerskouer:

Heg 12(13;14;15;16) ste af aan beg van vlg ry en 4 ste aan halsrand van daaropvlg ry; herh laaste 2 rye een keer, heg dan oorbl 12(13;15;16;18) ste af om skouerafskuinsing te voltooi.

Regterskouer:


Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas, heg 4 ste af, brei tot einde.
Heg 12(13;14;15;16) ste af aan beg van vlg ry en 4 ste aan halsrand van daaropvlg ry. Heg oorbl 12(13;15;16;18) ste af.

VOORPANT

Soos agterpant tot werk 41(43;45;47;49) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Hals- en skouervorming:

1e ry: Brei 55(58;62;65;69) ste en plaas hulle op 'n reserwenaald, heg vlg 25(25;27;27;29)



HANDWERKNUUS

Nuwe boeke, werksessies en 'n besondere mark

ste af, brei tot einde.

Regterskouer:

Brei 1 ry op oorbl 55(58;62;65;69) ste.

**Heg 6 ste af aan beg van vlg ry, 4 ste aan dieselfde rand in daaropvlg 2 alt rye, 2 ste in vlg 2 alt rye en 1 st in daaropvlg alt ry. Brei 'n paar rye op oorbl 36(39;43;46;50) ste tot voorpant so lank soos agterpant tot beg van skouervorming is. Eindig aan mousgatrand. Heg 12(13;14;15;16) ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry, brei 1 ry, heg dan oorbl 12(13;15;16;18) ste af.

Linkerskouer:

Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas, voltooi soos uiteengesit vir regterskouer van ** tot einde.

MOUE (2)

Gebruik 3,00 mm-Ne en stel 61(63;63;65;65) ste op, brei 4 rye rs.

Slaan oor na 4,00 mm-Ne en pat; die rand-st van die moue word in pat gebrei.

1e ry: r0(1;1;2;2), herh van * tot * in 1e pat-ry 3 keer, r1adl, r0(1;1;2;2).

Brei 2 rye pat sonder vorming. Begin vermeer, neem ekstra ste in pat op. Vermeer 1 st aan weersk van vlg ry, dan elke daaropvlg 4e ry 26(22;18;14;10) keer, daarna elke vlg 3e ry 4(10;17;23;30) keer. Brei op 123(129;135;141;147) ste tot werk 45(46;48;49;51) cm lank is vanaf beg. Heg af.

HALSBOORDJIE

Gebruik 3mm-Ne en stel 143(143;147;147;-151) ste op vir borand van boordjie. Brei 4 rye rs. Slaan oor na 4,00mm-Ne en pat.

1e ry (vir 1e en 2e grootte): Brei pat soos vir 1e grootte van agterpant.

(3e en 4e grootte): r1, r1adl, aw1; herh van * tot * in pat-ry 7 keer, r1adl, aw1, r1adl, r1.

(5e grootte): r1, (r1adl, aw1) 2 keer, herh van * tot * in 1e pat-ry 7 keer, (r1adl, aw1) 2 keer, r1adl, r1.

Alle groottes: Brei pat soos nou vasgestel tot 14e pat-ry voltooi is.

Brei 1 ry r en heg alle ste af.

AFWERKING

Werk skouernate toe, sorg dat pat ooreenstem. Werk afhegrande van moukoppe aan syrande van mousgate en mousgatafhegting aan laaste 4(5;6;7;8) rye van moue vas. Werk sy- en mounate toe. Werk kort kante van halsboordjie toe. Plaas dan naat gelyk met linkerskouernaat en werk afhegrand van boordjie aan halsrand vas.

foto, patroon en ontwerp Pingouin, patroonversorging Sjoukje Jordaan

Dié drie handwerkgidse het onlangs by Delos verskyn:

Bewertjies

Maak self oulike bewertjies met bykans enigiets. Riëtte Steenkamp wys jou hoe om alles te versamel, vertel meer oor verskillende tipes bewertjies en hoe om dit aanmekeer te sit. 'n Interessante boekie wat handig sal wees vir onderwysers, dagmoeders en binneversierders.



Fleurige lampskerm

Dis 'n herdruk van die boek in 'n ander formaat, maar die inhoud is nog presies dieselfde. As jy dus op soek was na daardie boek oor lamp-

skerm, hier is dit nou weer. Annien Teubes wys verskillende maniere om ronde lampskerm te maak en te tooi. Elkeen word goed omskryf en met sketse toegelig waar nodig.

Die mooiste mandjies

As jy 'n mandjie wil oortrek, sal jy in dié boekie 'n plan kry. Nakkie Stapelberg wys jou hoe om van 'n piekniekmandjie tot 'n mandjie vir grimering oor te trek. Die projekte is met kleurfoto's en duidelike diagramme toegelig.



Maak vinnig en maklik speelgoed Met net twee basiese patroondele en 'n halwe meter materiaal, kan jy 'n wye verskeidenheid sagte speelgoed maak. Rona Kemp gee aanwysings hoe om poppe, engeltjies, feetjies, hansworse, voëlverskrikkers, teddiebere, koalas, pandas en nog 'n hele dieretuin vol diertjies te maak. Dié boek is 'n aanwys vir diegene wat patrone soek om speelgoed vir basars en markte te maak. Dit bevat ook patrone en wenke vir klere, bykomstighede, oë, ore, monde en hare van poppe.



DAGBOEK

• **Die Fynkunsborduurgilde (Pretoria) hou op Woensdag 23 Oktober 1996 hul jaarlikse seminaar. Vyf werksessies oor Parma-borduurwerk, stump-werk, "Sunbonnet Sue", Macrame koordkant en 'n gaasskepping word gedurende die dag aangebied. Vir besprekings en meer inligting, skakel (012) 46 6944.**

• **Die Unica-skool vir outistiese kinders se Kersmark is al wyd en synd bekend. Op die mark kan 'n wye verskeidenheid gekeurde handwerk en gebak gekoop word. Vanjaar se Kersmark word van 28 Oktober tot 2 November 1996 gehou, weer in die Universiteitsoord-kerksaal in Duxburyweg, Pretoria. Vir meer inligting oor die mark en keuring van produkte, skakel Mariëtte Basson by 082 900 1277.**

Offray-borduurlint is 'n nuweling op die borduurrakke. Dit is 'n poliësterlint, so sag soos sy, maar wat baie makliker hanteer en nie so maklik beskadig nie.

Dis ideaal vir beginners. Die lint is in drie breedtes (2 mm, 4 mm en 7 mm) en

56 kleure beskikbaar. Dit

word op kaartjies verkoop teen

sowat R15,00 elk en elke lint-

kleur pas presies by 'n ooreen-

stemmende Anchor-stringka-

toenkleur. Die kombinasies word op 'n

tabel uiteengesit. Vir meer inligting

skakel Belinda by 011- 693 5130.



Om 'n sybloe te versorg, is soms 'n kopseer en kan duur wees, veral as jy dit laat

droogskoonmaak. Casa di Tancredi, die voorste invoerder van sy-materiale, het 'n nuwe wasmiddel vir sy, **Silkleen**, bekendgestel. Die wasmiddel is 'n vloeibare 'seep' en beloof om jou sy en ander delikate materiale met die nodige sorg te behandel. Dit is ook heeltemal afbreekbaar en dus omgewingsvriendelik. Die kleinhandelprys daarvoor sal sowat R20,00 vir 250 ml wees. Vir meer inligting, skakel 011-880 7972.

